

AKROMIOPLASTIE EN LATERALE KLAVIKEL RESSEKSIE

Inleiding

Rotatorkraag beklemming en skeure van die rotatorkraag wat daarmee geassosieer word kom redelik algemeen in die skouer voor. Die toestand ontstaan wanneer rotatorkraag tendons skuur teen die onder oppervlak van die akromion wat dan lei tot verwering en selfs skeur van die rotatorkraagtendons. Simptome sluit in pyn, swakheid en verlies aan beweging en krag. Die prosedure kan deur 'n oop tegniek of 'n artroskopiese tegniek uitgevoer word, afhangende van die grootte van die skeur en die chirurg se keuse.

Bursitis en benige uitgroeisels

Die bursa bestaan uit 'n sak met vloeistof wat gladde gly van die senings onder die been deur toelaat. Dit lê tussen die akromion en rotatorkraag en kan ontsteek raak weens besering of chroniese wrywing. Wat kan bydra tot die probleem is wanneer 'n benige uitgroeisels ontstaan op die rand van die akromion en die spasie vir die rotatorkraag verder vernou.

Insnydings

Klein insnydings word gemaak om die gewrig waardeur die artroskoop en chirurgiese instrumente geplaas word.

Besigtiging

Daar word tydens artroskopie 'n elektroliet oplossing deur 'n buis in die gewrig in gevoer wat die gewrigskapsel uitsit en besigtiging van die gewrig vergemaklik.

Bursa en beenverwydering

Met gespesialiseerde chirurgiese instrumente word die ontsteekte en verdikte bursa verwyder en enige prominente benige uitsteeksels op die onder oppervlak van die akromion en die klavikel te verwyder. Sodoende word spasie geskep vir die rotatorkraag tendons.

AK-gewrig

In die geval van artritis van die akromioklavikulêre gewrig word die verweerde kraakbeen, ontsteekte gewrigsvlies en 'n gedeelte van die been van die laterale einde van die klavikel verwyder. In die plek daarvan vorm litteken weefsel tydens die genesingsproses.

Na die prosedure

Die pasiënt gebruik 'n stutverband vir die eerste week na die operasie. Fisioterapie word gewoonlik ingespan om die beweging van die gewrig terug te win en spierkrag om die skouer te verbeter. Hersteltyd vir alledaagse aktiwiteite is 3-4 weke maar kan 3 maande en langer duur vir sekere skouerbewegings in mense wat fisiese tipe werk verrig of wat deelneem aan sport op 'n kompeterende vlak.